



DEPARTEMENT

Algemene Taalwetenskap

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Stellenbosch Universiteit



**Inligtingsgids vir
Voorgraadse Studente**



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY





Departement Algemene Taalwetenskap

jou gids deur die wêreld van taal

Welkom by die Departement Algemene Taalwetenskap

As 'n Departement is ons verbind tot hoë kwaliteit onderrig en navorsing in 'n wye reeks formele en toegepaste areas van taalondersoek, met 'n spesifieke fokus op onderwerpe wat relevant is vir die Suid-Afrikaanse taallandskap. Ons sien daarna uit om jou bekend te stel aan materiaal wat ons seker is intellektueel uitdagend en verrykend sal wees. Die Departement huisves drie afsonderlike vakke, nl. **Algemene Taalwetenskap**, **Toegepaste Engelse Taalstudie**, en **Gebaretaalstudie**. Hierdie gids bevat belangrike algemene inligting oor die Departement, asook spesifieke inligting oor die organisasie en inhoud van die voorgraadse modules in Algemene Taalwetenskap, Toegepaste Engelse Taalstudie, en Gebaretaalstudie vir 2021.

INHOUDSOPGawe

1. Kontakbesonderhede	2
2. Taalspesifikasie	3
3. Algemene vereistes	4
4. Module-inligting	6
Algemene Taalwetenskap 178	7
Algemene Taalwetenskap 278	10
Algemene Taalwetenskap 318.....	12
Algemene Taalwetenskap 348	14
Toegepaste Engelse Taalstudie 214.....	16
Toegepaste Engelse Taalstudie 244	18
Toegepaste Engelse Taalstudie 318.....	20
Toegepaste Engelse Taalstudie 348	22
Suid-Afrikaanse Gebaretaalstudie 178.....	24
Gbaretaalstudie 318.....	26
5. SUNLearn	28
6. Navraagprosedure	28
7. Plagiaatverklaring.....	29
Bylaag A Riglyne van die Uitvoerende Komitee (Senaat) insake die siektesertifisering van studente.....	30



1. Kontakbesonderhede

Die Departement Algemene Taalwetenskap is op die vyfde vloer van die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou. Die Universiteit se versteek-opsie vir personeel is steeds dat diegene wat nie op kampus hoef te wees nie, van elders af werk. E-pos dus asseblief 'n dosent om 'n afspraak te reël voor jy inkom vir 'n konsultasie.

Doserende personeel

Naam	Kantoor	E-pos	Tel. No.
Berghoff, Dr R	503	berghoff@sun.ac.za	021 808 9392
Brookes, Prof H		heatherbrookes@sun.ac.za	
Bylund, Prof E	502	mbylund@sun.ac.za	021 808 2006
Huddlestone, Dr K (Voorsitter)	504	katevg@sun.ac.za	021 808 2007
Mashazi, Me S	513	mashazi@sun.ac.za	021 808 2008
Mongie, Dr L	518	laurenm@sun.ac.za	021 808 2321
Njeyiyana, Me M	513	modiegi@sun.ac.za	
Oostendorp, Dr M	505	moostendorp@sun.ac.za	021 808 9288
Southwood, Prof F	511	fs@sun.ac.za	021 808 2010

Besoekende/deeltydse dosente

Anthonie, Me A	alexa@sun.ac.za
Baker, Prof A	anneedithbaker@gmail.com
Crossley, Me J	jennac@sun.ac.za
Duke, Me L	18637442@sun.ac.za
Plato, Me T	18752896@sun.ac.za
Potgieter, Me J	18505813@sun.ac.za
Van der Merwe, Dr S	deltablu@sun.ac.za
Van Heukelom, Me M	marievh@sun.ac.za

Administratiewe personeel

Naam	Kantoor	E-pos	Tel. No.
Onraët, Me L	507	laureno@sun.ac.za	021 808 2052
Joseph, Me A	509	antheaj@sun.ac.za	021 808 2135

Module-koördineerders

Algemene Taalwetenskap 178: Dr Robyn Berghoff

Algemene Taalwetenskap 278: Prof Frenette Southwood

Algemene Taalwetenskap 318 & 348: Prof Frenette Southwood

Toegepaste Engelse Taalstudie 214 & 244: Dr Lauren Mongie

Toegepaste Engelse Taalstudie 318 & 348: Dr Lauren Mongie

Suid-Afrikaanse Gebaretaalstudie 178: Dr Kate Huddlestone

Gebaretaalstudie 318: Dr Kate Huddlestone

Let op: Die modulekoördineerders is verantwoordelik vir die administrasie van elke module. Die dosent wat verantwoordelik is vir die onderrig in 'n spesifieke afdeling van 'n module, bly egter die eerste kontakpunt vir enige studentenavrae (kyk ook afdeling 6 hieronder).



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

2. Taalspesifikasie

Die Departement is verbind tot die beginsel van meertaligheid sonder uitsluiting soos uiteengesit in die Fakulteit se taalimplementeringsplan, wat hier gevind kan word: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts>. Stellenbosch Universiteit se Taalplan kan hier gevind word: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/policy>.

In **Algemene Taalwetenskap 178, 278, 318 en 348** geld die volgende reëlings:

- Beide Afrikaans en Engels word in lesings gebruik. Toegang tot kursusinhoud, lesingmateriaal en -aktiwiteite word in beide Engels en Afrikaans verskaf (bv. PowerPoint-skyfies, lesingnotas, terminologielyste, elektroniese dokumente op SUNLearn, ens.);
- Tutoriale vir Algemene Taalwetenskap 178 neem die vorm aan van aparte Afrikaanse en Engelse groepe, en studente word op grond van hulle taalvoorkeur in 'n Afrikaanse of Engelse groep ingedeel, met die moontlike toevoeging van isiXhosa, waar versoek en waar prakties uitvoerbaar;
- Bykomende ondersteuning in Afrikaans en Engels word aan studente in Algemene Taalwetenskap 178 voorsien wat uitdagings met taal en vakinhoud ervaar;
- In toetse, eksamens, opdragte en ander assessoringsgeleenthede mag studente Afrikaans of Engels gebruik; opdragte, vraestelle en assessoringsriglyne word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.

In **Toegepaste Engelse Taalstudie 214, 244, 318 en 348** geld die volgende reëlings:

- Lesings word uitsluitlik in Engels aangebied;
- PowerPoint-skyfies, lesingnotas, elektroniese dokumente op SUNLearn, en ander lesingverwante materiaal is in Engels;
- In toetse, eksamens, opdragte en ander assessoringsgeleenthede mag studente slegs Engels gebruik; opdragte, vraestelle en assessoringsriglyne word in Engels beskikbaar gestel.

In **Gebaretaalstudie 318** geld die volgende reëlings:

- Lesings word hoofsaaklik in Engels aangebied (omdat van die dosente buitelanders is). Afrikaans en Suid-Afrikaanse Gebaretaal sal ook soms gebruik word;
- PowerPoint-skyfies, lesingnotas, elektroniese dokumente op SUNLearn, en ander lesingverwante materiaal is hoofsaaklik in Engels;
- In toetse, eksamens, opdragte en ander assessoringsgeleenthede mag studente Afrikaans of Engels gebruik; opdragte, vraestelle en assessoringsriglyne word in Engels en Afrikaans beskikbaar gestel.

In **Suid-Afrikaanse Gebaretaalstudie 178** geld die volgende reëlings:

- Lesings word in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) aangebied, met tolking in Engels waar nodig, afhangende van die beskikbaarheid van tolke;
- PowerPoint-skyfies, lesingnotas, elektroniese dokumente op SUNLearn, en ander geskrewe lesing-verwante materiaal is hoofsaaklik in Engels; terwyl video-materiaal in SAGT is;



- In geskreve toetse, eksamens, opdragte en ander assessoringsgeleenthede mag studente Afrikaans of Engels gebruik; opdragte, vraestelle en assessoringsriglyne word in Engels en Afrikaans beskikbaar gestel.
- Mondelinge assessorings geskied in SAGT.

3. Algemene vereistes

- (i) **Klasbywoning** is verpligtend en sal gereeld gekontroleer word, bv. deur middel van bywoningsregisters en klaswerk. 'n Student se rekord van klasbywoning kan in berekening gebring word by die bepaling van sy/haar klaspunt/prestasiepunt.
- (ii) Daar word van elke student verwag om **klasnotas te neem en aktief deel te neem** aan klasbesprekings.
- (iii) 'n Student moet **alle formele klastoetse / eksamens** skryf om 'n vorderingspunt / klaspunt / prestasiepunt te verwerf.

Indien 'n student, om watter rede ook al, versuim om 'n toets te skryf, is dit die student se verantwoordelikheid om *binne twee dae* na die toetsdatum 'n verloftot-afwesigheid-vorm invul (<https://forms.gle/CqkDvpKjoFbAW13eA>). As 'n student nie onverwyld die verloftot-afwesigheid-vorm invul nie, sal hy/sy onder geen omstandighede 'n aanvullende toetsgeleentheid kry nie. Slegs een aanvullende toets sal geskeduleer word. Indien 'n student versuim om die aanvullende toets te skryf, sal geen verdere geleentheid toegestaan word nie en sal die student 'n onvoltooid ontvang vir die module.

In die geval van siekte moet 'n mediese sertifikaat opgelaai wordanneer die vorm ingevul word of ge-e-pos/ingehandig word by Me Anthea Joseph (kamer 509). As 'n student nie 'n Google-rekening het nie of nie wil aanteken nie, kan hierdie skakel gebruik word: <https://forms.gle/cdtY6RZeBN4wioDaz>. In hierdie geval kan mediese sertifikate nie opgelaai word nie, maar moet die sertifikate ge-e-pos word aan/ingehandig word by Me Joseph. Die studentenommer en module naam moet op die keersy van die hardekopie mediese sertifikaat voorkom. Mediese sertifikate kan ook gefaks word (021 808 2009) of ge-e-pos (antheaj@sun.ac.za) word. Die student moet 'n kopie van die mediese sertifikaat hou vir hul eie rekords.

- (iv) Studente kry op 'n gereelde basis **klaswerk** (informele klastoetse en oefeninge) en **opdragte** (tutoriaaloefeninge, opstelle, groeptake, mondelinge voordragte, ens.) in elke afdeling van die verskillende voorgraadse modules. Om 'n vorderingspunt / klaspunt / prestasiepunt te verwerf, moet 'n student alle voorgeskrewe opdragte voltooi en enige geskrewe werk wat deur sulke opdragte vereis word, op die gespesifiseerde datums inhandig.

Indien 'n student, om watter rede ook al, versuim om 'n werkopdrag op die voorgeskrewe datum in te lewer, is dit die student se verantwoordelikheid om sonder versuim met die betrokke dosent te skakel om verlof te kry om die agterstallige werk in te haal. As 'n student nie onverwyld met die dosent skakel nie, sal hy/sy onder geen omstandighede die geleentheid kry om die werk in te



haal nie. As hy/sy wel betyds met die dosent skakel, en as die dosent daar toe verlof verleen, moet die agterstallige werk ingehaal word voor of op die datum wat deur die betrokke dosent vasgestel word.

Weer eens, moet 'n verlof tot afwesigheid-vorm aanlyn ingevul word in die geval van siekte (<https://forms.gle/CqkDvpKjoFbAW13eA>) en moet 'n mediese sertifikaat opgelaai of ge-e-pos/ingehandig word by me Anthea Joseph.

- (v) Indien die stappe in (iv) gevvolg is, is die punteberekening vir laat inhandiging van werkopdragte soos volg:
- (a) Aan 'n werkopdrag wat laat ingehandig word om redes wat amptelik deur die universiteit erken word, word 'n punt uit 100% toegeken.
 - (b) Aan 'n werkopdrag wat om enige ander rede laat ingehandig word, word 'n punt uit 50% toegeken, op voorwaarde dat
 - die rede vir laat inhandiging die dosent aanvaarbaar is, en
 - die laat inhandiging met die dosent bespreek is voor die bepaalde inhandigingsdatum.
 - (c) Indien 'n werkopdrag laat ingehandig word
 - om redes wat nie vir die dosent aanvaarbaar is nie, en/of
 - die laat inhandiging nie *vooraf* met die dosent bespreek is nie,mag die opdrag aanvaar word vir assessoringsdoeleindes, maar word 'n punt van nul daaraan toegeken.

Let wel: Die enigste aanvaarbare redes vir afwesigheid van klasse, toetse of eksamens, of vir laat inlewering van werkopdragte, is redes wat amptelik deur die Universiteit erken word. Raadpleeg Bylaag B van hierdie gids vir die amptelike riglyne vir die sertifisering van siektes van studente.

- (vi) Tensy anders gespesifieer, moet alle **geskrewe werkopdragte** getik en gedruk word met nakoming van standaard spel- en tikkonfensies. Verder moet alle werkopdragte voor inhandiging deeglik nagegaan word vir spelfoute, korrekte gebruik van leestekens en grammaticale korrektheid. Indien 'n opdrag-antwoord elektronies ingelewer moet word, moet 'n harde kopie van die antwoord steeds op dieselfde dag as die elektroniese weergawe aan die betrokke dosent verskaf word, tensy anders deur die dosent gereël.

'n Opdrag-antwoord wat elektronies ingelewer word, moet in die vorm van 'n *MS Word*-dokument (d.w.s. 'n *.doc* of *.docx*-lêer) of *.pdf*-dokument geheg word aan 'n e-pos wat geaddresseer is aan die betrokke dosent. **Die naam van dokumente moet een van die volgende formate aanneem:**

Studentenr_ModuleNaam_AsseseringNaam.docx/.pdf
VanVoorletters_ModuleNaam_AsseseringNaam.docx/.pdf



4. Module-inligting

Hierdie afdeling verskaf inligting oor die verskillende voorgraadse modules in Algemene Taalwetenskap, Toegepaste Engelse Taalstudie en Gebaretaalstudie wat aangebied word in die Departement. **Let asseblief daarop dat 'n student nie mag regstreer vir voorgraadse modules in die Departement Algemene Taalwetenskap waar daar klas-, toets- of eksamenbotsings met enige ander module is nie.** Let ook daarop dat die inhoud en organisasie van module-afdelings soos hieronder aangedui op kort kennisgewing mag verander sou dit genoodsaak word deur onvoorsiene omstandighede. Enige veranderinge sal tydens lesings en ook op SUNLearn gekommunikeer word.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

ALGEMENE TAALWETENSKAP 178

Algemene Taalwetenskap 178 bestaan uit die volgende afdelings:

Datums	Afdeling	Dosent
15/03 – 09/04	<i>GRONDBEGINSELS</i> 12 lesings	Prof F Southwood
12/04 – 30/04	<i>KOMMUNIKASIE & SEMIOTIEK</i> 9 lesings	Me S Mashazi
10/05 – 28/05	<i>TAALVERWERWING</i> 9 lesings	Prof F Southwood
31/05 – 18/06	<i>MORFOLOGIE</i> 9 lesings	Dr R Berghoff
09/08 – 27/08	<i>FONETIEK</i> 9 lesings	Dr R Berghoff
30/08 – 08/10	<i>SINTAKSIS</i> 15 lesings	Me J Potgieter
11/10 – 05/11	<i>TAAL & DIVERSITEIT</i> 12 lesings	Dr L Mongie
DEURLOPEND	TUTORIALE 1 periode per week, asook tutoriaaloefeninge	Tutors sal aangekondig word

Daar is **drie** lesingperiodes per week geskeduleer:

- Dinsdag 15:00 (RW Wilcocks-gebou, lokaal 3001)
- Donderdag 10:00 (Lettere-gebou, lokaal 230)
- Vrydag 14:00 (Lettere-gebou, lokaal 230)

Vir die afsienbare toekoms word daar egter nie van hierdie periodes gebruik gemaak nie. Lesingmateriaal word op SUNLearn geplaas en studente werk teen hul eie pas deur die lesings vir elke week. Die medium van aanbieding kan egter gedurende die jaar verander na slegs kontaklesings (of na 'n mengsel van kontak- en aanlynsessies). Studente moet SUNLearn raadpleeg vir besonderhede oor die medium van aanbieding. Die lokale mag ook verander.

Bywoning van geskeduleerde kontaksessies is **verpligtend**, óf in-persoon óf virtueel. Verder moet die studente een tutoriaal per week bywoon, óf in-persoon óf virtueel. Weeklikse tutoriaaloefeninge sal ook op SUNLearn gelaai word. Hierdie tutoriale (beide aangesig-tot-aangesig en aanlyn) is **verpligtend**.

Die algemene reëlings met betrekking tot die tutoriale vir Algemene Taalwetenskap 178 is soos volg:



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

- (i) Alle tutoriale vir elke afdeling van die module moet bygewoon word, óf inpersoon óf virtueel, en alle tutoriaalopdragte moet voltooi en betyds ingehandig word. Studente wat versuim om dit te doen, kan toegang tot die eksamen geweier word.
- (ii) As 'n student 'n tutoriaal of aanlyn-tutoriaal weens mediese redes misloop, moet 'n verlof tot afwesigheid-vorm aanlyn ingevul word en die student moet sy/haar tutor met 'n geldige mediese sertifikaat verskaf voor of op die dag van die volgende tutoriaal (sien afdeling 3 hierbo en Bylaag B). Dit sal verhoed dat 'n punt van nul toegeken word vir die misgeloop tutoriaal.
- (iii) Benewens om die werk wat in die lesings behandel is te studeer, word daar ook van studente verwag om die tutoriale en tutoriaal-oefeninge te gebruik as 'n maatstaf om hul kennis te toets tydens toets- en eksamenvoorbereiding.
- (iv) In die aanbieding van die tutoriale volg die Departement 'n stelsel van parallelonderrig: Studente word, sover moontlik, volgens hulle taal van voorkeur ingedeel in 'n Afrikaanse tutoriaalgroep (met leer en onderrig deur medium van Afrikaans) of 'n Engelse tutoriaalgroep (met leer en onderrig deur medium van Engels).

Die kontakbesonderhede van die verskillende tutors sal beskikbaar gestel word op SUNLearn.

Voorgeskrewe boek

Bock, Z. & Mheta, G. (reds). 2018. *Language, Society and Communication: An Introduction* (2^{de} uitgawe). Pretoria: Van Schaik.

Die eerste uitgawe van die voorgeskrewe boek (2014) is ook beskikbaar – enige van die twee uitgawes word aanvaar.

Assessering

Algemene Taalwetenskap 178 word geassesseer deur middel van toetse en tutoriaalopdragte, asook 'n eksamen aan die einde van die jaar. Raadpleeg die Universiteit se 2021 Algemene Jaarboek vir besonderhede met betrekking tot eksamens.

Berekening van punte

- (i) By die bepaling van die klaspunt (die sogenaamd "predikaatpunt"), aan die einde van die jaar word alle formele klastoetse en tutoriaalopdragte asook enige klaswerk in berekening gebring.
- (ii) Die vorderingspunt in Junie word soos volg bereken:

Toets 1: <i>Grondbeginsels & Kommunikasie en Semiotiek</i>	33.3%
Toets 2: <i>Taalverwerwing & Morfologie</i>	33.3%
Klaswerk en tutoriaalopdragte vir Semester 1	33.3%

TOTAAL	100%
---------------	-------------



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nd/4.0/).

- (iii) Die klaspunt (predikaat), wat toegang moet verleen tot die eksamen, word soos volg bereken as 'n punt uit 100%:

Toets 1: <i>Grondbeginsels & Kommunikasie en Semiotiek</i>	20%
Toets 2: <i>Taalverwerwing & Morfologie</i>	20%
Toets 3: <i>Fonetiek & Sintaksis</i>	20%
Klaswerk & tutoriaalopdragte	40%
TOTAAL	100%

- (iv) Om toelating tot die eksamen te verkry, moet 'n student 'n klaspunt van minstens 40% verwerf. Om 'n klaspunt te verwerf, moet 'n student al die toetse skryf en al die verpligte klaswerk en tutoriaalopdragte in elke afdeling voltooi. Sonder 'n klaspunt, sal 'n student toegang tot die eksamen geweier word.
- (v) Om Algemene Taalwetenskap 178 te slaag, moet 'n student 'n prestasiepunt van minstens 50% behaal. Die prestasiepunt word soos volg bereken (raadpleeg die 2018 Algemene Jaarboek vir uitsonderings):

$$\text{Klaspunt (50\%)} + \text{Eksamelpunt (50\%)} = \text{Totaal } \underline{\text{100\%}}$$

- (vi) As 'n student van die eerste eksamengeleentheid gebruik maak, moet sy/haar berekende prestasiepunt ná hierdie eksamen minstens 40% wees om toelating tot die tweede eksamengeleentheid te verkry.
- (vii) Let asseblief daarop dat 'n student se rekord van klasbywoning in berekening gebring kan word by die bepaling van sy/haar klaspunt/prestasiepunt.
- (viii) 'n Student wat 'n prestasiepunt van minstens 50% behaal, slaag Algemene Taalwetenskap 178. 'n Student wat 'n prestasiepunt van 75% of meer behaal, slaag Algemene Taalwetenskap 178 met onderskeiding.
- (ix) 'n Student wat Algemene Taalwetenskap 178 slaag, verwerf 24 krediete.

Toets- en eksamendatums

- Toets 1: Maandag 26 April 17:30 (*Grondbeginsels & Kommunikasie en Semiotiek*)
- Toets 2: Thursday 8 Julie 14:00 (*Taalverwerwing & Morfologie*)
- Toets 3: Woensdag 13 Oktober 17:30 (*Fonetiek & Sintaksis*)

Bykomend tot die drie toetse moet studente ook een eksamen skryf:

- Eerste Geleentheid: Saterdag 20 November (09:00)
- Tweede Geleentheid: Dinsdag 7 Desember (09:00)

Raadpleeg die 2021 Algemene Jaarboek en die 2021 Eksamens- en Toetsrooster vir besonderhede oor die twee eksamengeleenthede.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

ALGEMENE TAALWETENSKAP 278

Algemene Taalwetenskap 278 bestaan uit verskeie afdelings. Die besonderhede is soos volg:

DATUMS	AFDELING	DOSENT
15/03 – 09/04	<i>PSIGOLINGUISTIEK</i> 12 lesings	Prof E Bylund
12/04 – 14/05	<i>FONOLOGIE</i> 12 lesings	Prof F Southwood
17/05 – 18/06	<i>SINTAKSIS</i> 15 lesings	Dr K Huddlestane
09/08 – 03/09	<i>GEBARETAALLINGUISTIEK</i> 12 lesings	Prof A Baker
06/09 – 08/10	<i>TWEEDETAALVERWERWING</i> 12 lesings	Dr R Berghoff
11/10 – 05/11	<i>TAAL EN DIVERSITEIT</i> 12 lesings	Dr L Mongie

Daar is **drie** lesingperiodes per week geskeduleer:

- Maandag 10:00 (De Beers-gebou, lokaal 2003)
- Dinsdag 08:00 (De Beers-gebou, lokaal 2003)
- Vrydag 11:00 (Lettere-gebou, lokaal 230)

Tans is alle voorlesings egter aanlyn, met lesings wat op SUNLearn geplaas word. Daar is wel een kontaksessie per student per week. Die medium van aanbieding kan gedurende die jaar verander, na gelang van verandering van dosent, die aard van die werk wat aangebied word, en beleidsverandering rakende COVID-19. Studente moet SUNLearn raadpleeg vir besonderhede oor die medium van aanbieding. Die lokale vir die kontaksessies mag ook verander.

Voorgeskrewe boeke

Baker, A.E. et al. (reds). 2016. *The Linguistics of Sign Languages: An Introduction*. Amsterdam: John Benjamins.

Bock, Z. & Mheta, G. (reds). 2018. *Language, Society and Communication: An Introduction* (2^{de} uitgawe). Pretoria: Van Schaik.

Ortega, L. 2009. *Understanding Second Language Acquisition*. London/New York: Routledge.

Van Gelderen, E. 2017. *Syntax: An Introduction to Minimalism*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

Die eerste uitgawe van Bock & Mheta (2014) is ook beskikbaar – enige van die twee uitgawes word aanvaar.

Assessering

- (i) Die Departement volg 'n stelsel van deurlopende assessering vir Algemene Taalwetenskap 278. Dit beteken dat die punte wat 'n student vir elke toets, werkstuk en kleiner werkopdrag gedurende die jaar verwerf, bydra tot die prestasiepunt wat aan die einde van die jaar aan die student toegeken word.
- (ii) Daar is geen formele eksamen en geen herassesseringsgeleentheid nie. Die stelsel van deurlopende assessering verg dat 'n student deurlopend aan alle werkeise moet voldoen. Aan 'n student wat nie voldoen het aan al die eise wat gedurende die jaar gestel is nie, word geen prestasiepunt toegeken nie.

Berekening van punte

- (i) Die prestasiepunt vir Algemene Taalwetenskap 278 word as volg saamgestel:

Toets 1 :	<i>Psigolinguistiek</i>	50
Toets 2 :	<i>Fonologie en Sintaksis</i>	100
Toets 3 :	<i>Tweedetaalverwerwing</i>	50
Toets 4 :	<i>Taal en Diversiteit</i>	50
	<i>Psigolinguistiek:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Fonologie:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Sintaksis:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Gebaretaallinguistiek:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Tweedetaalverwerwing:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Taal en Diversiteit:</i> klaswerk & opdragte	50
	TOTAAL	550

Die punt uit 550 word deur 5.5 gedeel om 'n prestasiepunt uit 100% te lewer.

- (ii) Om Algemene Taalwetenskap 278 te slaag, moet 'n student 'n prestasiepunt van minstens 50% behaal. 'n Student wat 'n prestasiepunt van 75% of meer behaal, slaag Algemene Taalwetenskap 278 met onderskeiding.
- (iii) 'n Student wat Algemene Taalwetenskap 278 slaag, verwerf 32 krediete.

Toetsdatums

- Toets 1: Donderdag 20 Mei 17:30 (*Psigolinguistiek*)
- Toets 2: Dinsdag 29 Junie 09:00 (*Fonologie en Sintaksis*)
- Toets 3: Maandag 29 September 17:30 (*Tweedetaalverwerwing*)
- Toets 4: Woensdag 08 November 14:00 (*Taal en Diversiteit*)

Let op dat daar nie 'n formele toets vir *Gebaretaallinguistiek* is nie.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

ALGEMENE TAALWETENSKAP 318

Algemene Taalwetenskap 318 bestaan uit die volgende afdelings:

DATUMS	AFDELING	DOSENT
15/03 –16/04	<i>PROBLEEMOPLOSSING IN DIE TAALWETENSKAP</i> 15 lesings	Dr L Mongie
19/04 – 21/05	<i>KINDERTAALVERWERWING IN SPESIALE POPULASIES</i> 12 lesings	Prof F Southwood
24/05 – 18/06	<i>TAAL, IDENTITEIT EN MUSIEK</i> 12 lesings	Dr S van der Merwe

Daar is **vier** lesingperiodes per week geskeduleer:

- Maandag 11:00 (Letttere-gebou, lokaal 227)
- Woensdag 10:00 (Letttere-gebou, lokaal 227)
- Donderdag 14:00 (Letttere-gebou, lokaal 227)
- Vrydag 08:00 (Letttere-gebou, lokaal 227)

Let wel, die Vrydagperiode gewoonlik slegs gebruik word as die betrokke dosent dit so reël. Tans is alle voorlesings egter aanlyn, met lesings wat op SUNLearn geplaas word. Daar is wel een kontaksessie per student per week. Die medium van aanbieding kan gedurende die jaar verander, na gelang van verandering van dosent, die aard van die werk wat aangebied word, en beleidsverandering rakende COVID-19. Studente moet SUNLearn raadpleeg vir besonderhede oor die medium van aanbieding. Die lokale vir die kontaksessies mag ook verander.

Voorgeskrewe boeke

Daar is geen voorgeskrewe boeke vir Algemene Taalwetenskap 318 nie. Studente sal voorsien word van leeswerk uit verskeie bronne (artikels uit joernale, hoofstukke uit boeke, ens.) gedurende die semester. Studiemateriaal sal ook op SUNLearn beskikbaar gestel word.

Assessering

- (i) Die Departement volg 'n stelsel van deurlopende assessering vir Algemene Taalwetenskap 318. Dit beteken dat die punte wat 'n student vir elke toets, werkstuk en kleiner werkopdrag gedurende die semester verwerf, bydra tot die prestasiepunt wat aan die einde van die semester aan die student toegeken word.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

- (ii) Daar is geen formele eksamen en geen herassesseringsgeleentheid nie. Die stelsel van deurlopende assessering verg dat 'n student deurlopend aan alle werkeise moet voldoen. Aan 'n student wat nie voldoen het aan al die eise wat gedurende die semester gestel is nie, word geen prestasiepunt toegeken nie.

Berekening van punte

- (i) Die finale punt vir Algemene Taalwetenskap 318 word uit 300 bereken.

Toets 1:	<i>Probleemoplossing in die Taalwetenskap</i>	50
Toets 2:	<i>Kindertaalverwerwing in Spesiale Populasies & Taal, Identiteit en Musiek</i>	100

Probleemoplossing in die Taalwetenskap: klaswerk &

opdragte

Kindertaalverwerwing in Spesiale Populasies: groepopdrag

Taal, Identiteit en Musiek: klaswerk & opdragte

TOTAAL **300**

Hierdie totaal word deur 3 gedeel om 'n finale punt uit 100% te lewer.

- (iv) Om Algemene Taalwetenskap 318 te slaag, moet 'n student 'n prestasiepunt van minstens 50% behaal. 'n Student wat 'n uiteindelike prestasiepunt van 75% of meer behaal, slaag die module met onderskeiding.
- (v) 'n Student wat Algemene Taalwetenskap 318 slaag, verwerf 24 krediete.

Toetsdatums

- Toets 1: Dinsdag 18 Mei 17:30 (*Probleemoplossing in Taalwetenskap*)
- Toets 2: Donderdag 01 Julie 14:00 (*Kindertaalverwerwing in Spesiale Populasies & Taal, Identiteit en Musiek*)



ALGEMENE TAALWETENSKAP 348

Algemene Taalwetenskap 348 bestaan uit die volgende afdelings:

DATUMS	AFDELING	DOSENT
09/08 – 03/09	<i>MORFOLOGIE</i> 12 lesings	Dr R Berghoff
06/09 – 08/10	<i>PSIGOLINGUISTIEK</i> 12 lesings	Prof E Bylund
11/10 – 05/11	<i>TAALBELEID EN -BEPLANNING</i> 12 lesings	Me A Anthonie

Daar is **vier** lesingperiodes per week geskeduleer:

- Maandag 11:00 (Letteregebou, lokaal 227)
- Woensdag 10:00 (Letteregebou, lokaal 227)
- Donderdag 14:00 (Letteregebou, lokaal 227)
- Vrydag 08:00 (Letteregebou, lokaal 227)

Let wel, die Vrydagperiode gewoonlik slegs gebruik word as die betrokke dosent dit so reël. Tensy COVID-regulasies intussen verander, sal alle voorlesings egter aanlyn wees, met lesings wat op SUNLearn geplaas word. Daar sal wel een kontaksessie per student per week wees (in persoon en/of aanlyn). Die medium van aanbieding kan gedurende die jaar verander, na gelang van verandering van dosent, die aard van die werk wat aangebied word, en beleidsverandering rakende COVID-19. Studente moet SUNLearn raadpleeg vir besonderhede oor die medium van aanbieding. Die lokale vir die kontaksessies mag ook verander.

Voorgeskrewe boeke

Daar is geen voorgeskrewe boeke vir Algemene Taalwetenskap 348 nie. Studente sal voorsien word van leeswerk uit verskeie bronne (artikels uit joernale, hoofstukke uit boeke, ens.) tydens die semester. Studiemateriaal sal ook op SUNLearn beskikbaar gestel word.

Indien 'n student wel 'n boek vir *Morfologie* wil aanskaf, word die volgende voorgestel:

Booij, G. 2005. *The Grammar of Words: An Introduction to Linguistic Morphology* (Oxford Textbooks in Linguistics) (1^{ste} uitgawe). Oxford: Oxford University Press.

Die tweede en derde uitgawes (2007 & 2012) is ook beskikbaar – enige uitgawe word aanvaar.



© 2021 Department of General Linguistics, Stellenbosch University. This work is licensed under a [CC BY-NC-ND 4.0 International License](https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/).

Assessering

- (i) Die Departement volg 'n stelsel van deurlopende assessering vir Algemene Taalwetenskap 348. Dit beteken dat die punte wat 'n student vir elke toets, werkstuk en kleiner werkopdrag gedurende die semester verwerf, bydra tot die prestasiepunt wat aan die einde van die semester aan die student toegeken word.
- (ii) Daar is geen formele eksamen en geen herassesseringsgeleentheid nie. Die stelsel van deurlopende assessering verg dat 'n student deurlopend aan alle werkeise moet voldoen. Aan 'n student wat nie voldoen het aan al die eise wat gedurende die semester gestel is nie, word geen prestasiepunt toegeken nie.

Berekening van punte

- (i) Die finale punt vir Algemene Taalwetenskap 348 word uit 300 bereken.

Toets 1:	<i>Morfologie</i>	50
Toets 2:	<i>Psigolinguistiek & Taalbeleid en -beplanning</i>	100
	<i>Morfologie:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Psigolinguistiek:</i> klaswerk & opdragte	50
	<i>Taalbeleid en -beplanning:</i> klaswerk & opdragte	50
	TOTAAL	300

